NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

# AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

## SONDAG 21 AUGUSTUS 2022

## ELFDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

## GEMEENTE DAGBOEK

### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Teologiese opleiding***

### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Jeremia 2:4-13; Psalm 81:1, 10-16**
**Hebreërs 13:1-8, 15-16; Lukas 14:1, 7-14**

| SONDAG, 21 AUGUSTUS | |
|---|---|
| 09:30 | Oggenddiens: Ds Hannes Burger<br>Deuroffer: Teologiese Kweekskool<br>Erediensspan 1 – Chris van Niekerk |
| 09:30 | Kleuterkerk en Kinderkerk |
| GEEN | Aanddiens |
| 18:00 | Senior kategese |
| **MAANDAG, 22 AUGUSTUS** | |
| 18:00 | Kooroefening |
| 19:00 | Sportmanne Bybelstudie |
| 19:00 | Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 23 AUGUSTUS** | |
| 09:30 | Senior Burger Bybelstudie |
| **WOENSDAG, 24 AUGUSTUS** | |
| | Kommissie verslae moet ingehandig word by kerkkantoor |
| 09:30 | Vroue Bybelstudie |
| 09:30 | Othello Bybelstudie |
| **DONDERDAG, 25 AUGUSTUS** | |
| 09:30 | Kuilsrivier Dienssentrum – Gesprek oor veiligheid<br>Sopbeurte: Wena Janse van Rensburg, Elmari Schwenke-vd Walt, Sybil Smit, Dotjie Steyn, Maranda vd Merwe, Etetia Conradie |

| VRYDAG, 26 AUGUSTUS | |
|---|---|
| 09:00 | Gebedsbyeenkoms |
| **SATERDAG, 27 AUGUSTUS** | |
| | |
| **SONDAG, 28 AUGUSTUS** | |
| | POSDAG<br>DANKBAARHEIDSONDAG<br>BYBELSONDAG |
| 09:30 | Oggenddiens<br>Deuroffer: Gideons<br>Erediensspan 2 – Lorraine Louw |
| 09:30 | Kleuterkerk en Kinderkerk |
| GEEN | Aanddiens |
| 18:00 | Senior kategese |

# GEMEENTENUUS



1. Eric Brand (Othello) het goeie nuus ontvang nadat hy ‘n mediese prosedure ondergaan het.
2. Dit gaan baie sleg met Hannes Matthee (Van Bruggenstraat). Bid asseblief ook vir Wilma en die kinders.

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Kom ondersteun die Jeugkommissie deur **koffie** by die kerkkantoor te koop teen R65 per pakkie. Verskeidenheid geure beskikbaar in bone en gemaal.
2. **KERKKOOR SOEK STEMME**: By De Eike se kerkkoor geniet ons goeie samesyn en heerlike sang! As jy weet jy het 'n sangstem en jy kan noot hou, kom sluit asb by ons aan op 'n Maandagaand, 6uur in die kerkgebou. Dit sal jou lewe verryk!
3. Die volgende kerkraadsvergadering vind plaas op Woensdag 31 Augustus 2022 om 19:00. Verslae vir hierdie vergadering moet by die kerkkantoor ingehandig word teen 24 Augustus 2022.
4. Ds Chris bedien die Woord en Nagmaal aan die kinders in die kinderkerk.
5. Ds Hannes woon Donderdagaand as konsulent die kerkraadsvergadering van Digtebij by.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK



22/08 Esther van Eeden, Elize Mulder, Alexander Smit
23/08 Annika le Grange, Ray Pitt-Bower, Eljalie du Plessis, Lala Nel(81)
24/08 Stefan Botma
25/08 Hanelize Basson, Leandri Kruger, Jantjie Muller, Leon Ehlers(83), Jakes Kearney
26/08 Jan Geldenhuys, Danie Bruwer
27/08 **Tim Burrows**, Leon Bleeker

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

**Teologiese Kweekskool**

Die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch bied onder andere opleiding vir studente van verskillende kerke met die oog op die bediening as predikant en jeugwerkers. Die uitdrukking Teologiese Kweekskool dui op daardie afdeling/skool in die Fakulteit Teologie van die Universiteit wat predikante vir die bediening in die NG Kerk oplei. Predikante van die NG Kerk-familie word sedert 1859 hier opgelei. U voorbidding vir beide die bedienings- en akademiese vorming van al die studente, die Dekaan, dosente en al die personeel word gevra.

Me Amanda van Niekerk | 021 887 6819 | toerusting@sun.ac.za

# WYNVEILING

De Eike se Wynveiling vind plaas op 12 Oktober 2022 te Kaapzicht Landgoed.
Ons benodig Tafelhoofde vir die veiling.
Ons moet ten minste 20 tafels vol gaste hê om ‘n sukses van die aand te maak.
Ons kort nog 10 Tafelhoofde om as gasheer/-vrou op te tree.
Kontak Mattheus Kuhn 0842260447 of die kerkkantoor indien jy beskikbaar is.

Kom mense, ek glo julle wat nog nie daar was nie, gaan iets besonders mis en die wat al daar was gaan weet jy sal nou al moet bespreek.

Dirk Brits - Sameroeper

# GROOTDRUK BYBELS – 2020 VERTALING

Die 2020 vertaling van die Afrikaanse Bybel is nou ook in **GROOTDRUK** beskikbaar. Bestel by die kerkkantoor en kry dit baie goedkoper as in die winkels.

Die swart hardeband weergawe is beskikbaar teen R350, terwyl die luukse weergawe met bruin leer en duimindeks R500 kos.

(Die pryse in die handel is onderskeidelik R489 en R699.)

Bestel by die kerkkantoor teen 31 Augustus 2022. Betaal eers by ontvangs.

# DE EIKE KOSMANDJIE

Danksy De Eikenaars se medemenslikheid het ons mandjie nou al so 'n effense boeppens!

Items wat skaars bly, is:

Koffie (150g of 200g) - enige sort, gee soggens moed vir die dag!
Tamatie (410g-blikkies) - ons gee dit saam met pasta, waarvan ons genoeg het.
Groente (410g-blikkies) - omdat ons nie vars groente kan gee nie.

Onthou dat jy ook 'n kontantbydrae kan maak, indien dit jou beter pas.
Daarmee koop ons die nodige toiletware en skoonmaakmiddels.

*Baie, baie dankie vir jou hulp, liewe lidmaat!*

*Groetnis uit DIE KOSMANDJIE*

# SENIOR BURGER TEE

Na ‘n afwesigheid van 2 jaar is dit vir die Kommissie vir Vrouelidmate ‘n voorreg om vanjaar weer al ons senior burgers (bo 60 jaar) te bederf by die geleentheid van die **SENIOR BURGER TEE** op Dinsdag 20 September 2022. Merk solank die datum op jul almanakke!!

Die kunstenaar wat gaan optree is Belia Lourens (gaan kyk gerus na ‘n video van haar op YouTube) waarna almal saam kuier rondom ‘n koppie koffie of tee en heerlike verversings. Covid het gemaak dat ons nie kon saam kuier nie. Gryp dus hierdie geleentheid aan.

Die vrywillige “toegangsfooi” by dié geleentheid gaan wees een van die volgende items:

**babapoeier, pakkie sop (Knorr), pakkie koekies, pakkie beskuit, warm sjokolade, aanmaak koeldrank, kontant bydraes**

Alles wat ons ontvang, sal geskenk word aan die inwoners van Huis De Kuilen.

Geen bespreking nodig, daag net op!!




Vir meer inligting en Inskrywings besoek: [www.tekkiechallenge.co.za](http://www.tekkiechallenge.co.za)



# PREEKSKETS

**TEMA – DIE ROEPING VAN 'N PROFEET.**



Prediker: Ds Hannes Burger

Skriflesing: Jer. 1:4-10

Verlede Sondag was Vrouesondag in De Eike.
- Janine Williams was ons besoekende prediker.
- Haar skriflesing was Psalm 78:1-8: "Vertel aan die generasies die roemryke dade van die Here."
- Ons het stories wat ons nie mag verswyg nie.
- Dit begin by die volgende geslag: ons kinders en kleinkinders.

1. **"Ag Here my God, ek kan nie..."**
    - Miskien verstaan jy dan ook iets van Jeremia se reaksie.
    - 'n Geldige argument: 'n priester mag eers opgetree het as hy oor 30 was.
    - Jeremia moes leer dat hierdie geen impulsiewe plan was nie.
    - Hy was deel van God se plan van lank voor geboorte af.

2. **Magteloosheid diskwalifiseer jou nie!**
    - Jeremia moes ook leer dat sy onvermoë irrelevant is.
    - Trouens, dat dit hom juis *kwalifiseer* vir die werk!
    - God hef ook nooit sy onbekwaamheid op nie: So bly hy bruikbaar!

3. **Maar God vat ook volle verantwoordelikheid**.
    - God laat Jeremia onder geen illusie oor die omvang van sy taak nie.
    - God belowe geen massa-bekering aan sy profeet nie.
    - Hy gee ook nie voor dat dit ooit maklik sal wees nie.
    - Maar Hy belowe om hom te red.

<u>Slot</u>: **Wat sien jy, Jeremia?**
- Die simboliek van die amandeltak: die "wakker-boom".
- Dis tyd...